


Die Voortrekkers



OFFISIERSHANDLEIDING

vir

Penkoppe en Drawwertjies

in

Graad 2

Uitgegee deur:

Die Voortrekkers, Posbus 12542,

QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 2001

Tweede uitgawe, eerste druk 2006

ISBN 1-874993-87-4

INHOUD

INLYWING	4
1 Inlywingsvereistes	5
EK AS MENS	10
1 Menswees	10
2 Spaarsin	12
EK IN MY OMGEWING	14
1 Veiligheid ten opsigte van Water	14
2 Dienslewering	17
3 Hantering van Gebruiksartikels	19
4 Noodhulp	23
5 Kampering	27
EK AS VOORTREKKER	30
1 Die Voortrekkers - Ons Veldkornetskap	30
2 Die Voortrekkerwapen	32
3 Seremonie-vaardighede	34
4 Die Voortrekkerkode	37
5 Voortrekkerdrag en Kleurstelsel	38
6 Sang	39
7 Spele	40
EK AS AFRIKANER	42
1 Kinderhelde – Dirkie Uys	42
EK AS LANDSBURGER	44
1 Die Geskiedenis van ons Volk en Land	44
2 Ons Mooi Land	46

AAN ELKE SPANOFFISIER

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

1. *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies* in Graad 2.
2. *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 2*. (een vir elke kind in jou span)
3. *Spesialisasies vir Penkoppe en Drawwertjies*.
4. *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*. Hierdie boek kan jy van graad 1 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graad se werk suksesvol deurgewerk het, 'n groen graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring. Die besonderhede oor die aanwerk van hierdie jaar se kentekens, sal u vind in die afdeling oor Voortrekkerdrag.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:

My erfenis is vir my mooi.

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

Margriet Venter, Nell Smith, Maatjie Greyling

INLYWING

Wanneer nuweling aansluit, is daar 'n paar sake wat spoedig en korrek afgehandel moet word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

Taak van die Offisier

1. Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
2. Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
3. Toesien dat jeuglid geregistreer word.
4. Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

Taak van die Ouer

1. Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
2. Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
3. Betaal van die voorgeskrewe gelde.
4. Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

Registrasie as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

Voortrekkerdrag: Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

Kommandonaam:	Spannaam:
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	Spanbyeenkoms:
Telefoon	Plek
	Tyd
Koste van:	Kampe:
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

Inlywings geleentheid:

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier, of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Ledegeld betaal het.
3. Die Voortrekkerwapen kan herken.
4. Die Voortrekkervlag herken.
5. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
6. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.

1 INLYWINGSVEREISTES

1.1 DIE BELOFTE

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,
om gehoorsaam te wees,
om my volk, my land en my medemens te dien
en bo alles die Here lief te hê.

Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

AANBIEDING

Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span. 'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjiebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

5. Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
6. Die span kan dit saam opsê nadat spangoddiens gehou is.
7. Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
8. Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aantekene wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.


AANBIEDING

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle belofte het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

Hoe lyk die Voortrekkerwapen?


Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkervlag is ook die kleure van die wapen.



AANBIEDING

1. Laat hulle self vasstel waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.
2. Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.

1.3 DIE VOORTREKKERVLAG



Die Voortrekkervlag


Die vlag bestaan uit rooi, wit en blou driehoek. Die rooi driehoek is aan die bokant van die vlag met die skerp punt van die wit driehoek die naaste aan die vlagpaal. Die vlag was oorspronklik die vlag van die eertydse Republiek Natalia. Toe *Die Voortrekkers* in 1931 gestig is, het ons eerste onderhoofleidster, mev. M. M. Jansen, voorgestel dat hierdie vlag vir *Die Voortrekkers* aanvaar word. Mev. Jansen het ook self die eerste vlag gemaak wat op 30 September 1931 deur genl J. B. M. Hertzog aan *Die Voortrekkers* oorhandig is.

AANBIEDING

1. Wys hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
2. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter kleur bo is.

1.4 VOORTREKKERDRAG

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



Vir inlywing is formeledrag 'n vereiste.

1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
 - Liggaam is regop.
 - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
 - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
 - Die arms hang reguit van die skouers af.
 - Elmoë is teen die sye en die gewrigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k- rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
 - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
 - Die tone is effe na buite gedraai.
 - Kop regop en kyk vorentoe.
 - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

EK AS MENS

1 MENSWEES

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak dat elkeen uniek is en besondere talente het asook dat hulle verantwoordelik is om mekaar se eiesoortigheid raak te sien, te waardeer en aan te vul.

INHOUD

1. Erken verskille in talente.
2. Ontdek eie talente.
3. Ontwikkel eie talente.

Kinders sal maklik vertel wat hy kan doen maar moeilik erken wat hy nie kan doen nie. Elkeen moet gehelp word om gewoon te raak aan die gedagte dat almal nie dieselfde talente en gawes het nie maar dat elkeen 'n plek het en beslis nodig is. Probeer om elke spanlid se talente raak te sien en te ontwikkel. 'n Persoon wat sy eie sterkpunte ken, sal makliker ander se sterkpunte aanvaar. Die wenke vir aanbieding wat gegee word, kan u help om die verskille tussen mense uit te wys. Gebruik dit om die kind te help om sy talente te ontwikkel ter wille van homself en ander en nie net om mense te beïndruk of te benadeel nie.

AANBIEDING

Vir die aanbieding van hierdie gedeelte sal die ondergenoemde hulpmiddels nodig wees. Bring dit saam of reël dat dit beskikbaar is.

Hulpmiddels:

Groot velle papier, vetkryt of inkleurpotlode, 'n bal, musiekinstrumente, stophorlosie en hindernisbaan.

Die hindernisbaan is gewoonlik by die skool se junior primêre speelterrein beskikbaar of een kan self saamgestel word wat voorsiening maak vir:

- *Apparaat om bo-oor te klim en onderdeur te kruip.*
- *Balanseeroefeninge.*
- *Swaai-oefeninge.*
- *'n Spaan en 'n bal wat geslaan of gegooi kan word of aan 'n paal vas is.*

Opdragte

1. *Gee die opdrag aan die span dat elkeen 'n tekening van homself in die werkboek maak en gee hulle geleentheid om dit te doen. Of Neem 'n foto van elke kind en laat hulle dit in die boek plak.*

Plaas die voltooide tekeninge op die vloer naas mekaar en vra die volgende:

- *Wat is alles dieselfde in die tekening? Lyk almal eenders?*
- *Waarom lyk ons nie eenders nie? Ons is tog almal mense met oë, mond, hare, ensovoorts?*
- *Is ons in ons binneste ook eenders?*

Om hierdie laaste vraag te illustreer, laat elke spanlid oor die volgende 'n bydrae lewer:

- *Wat maak jou kwaad?*
- *Wat laat jou lag?*

- Wat maak jou bang?
- Wat doen jy as jy bang is?
- Van watter lekkergoed hou jy die meeste?
- Van watter televisieprogram hou jy die meeste?

Beklemtoon die verskille en die ooreenkomste en laat hulle met mekaar praat oor die reg om van mekaar te verskil. Maak seker dat almal na mekaar luister. Geordende gesprek moet aangemoedig word asook om mekaar se gedagtes en gevoelens te deel.

2. Speel met 'n groot netbal bal en laat elke spanlid kans kry om die bal te vang.

Bespreek daarna die volgende:

Kan almal ewe goed vang? Nie? Waarom nie?

Na aanleiding van die antwoorde; praat met die span oor talente wat die Here aan elkeen gegee het.

3. Laat elke spanlid nou die hinderniswedloop voltooi. Neem die lid se tyd en laat hy sy eie tyd neerskryf. Vergelyk die tye en wys weer op die verskil tussen mense.

4. Sluit die middag af met die spanlede wat musiek kan maak, sing of voordra. Praat oor spesiale talente en geleenthede om spesiale talente te ontdek.


Baie van ons ontdek ons talente eers as ons groter is, byvoorbeeld om goed te kan koek bak of om meubels te maak.

Elke persoon het spesiale talente ontvang. Elkeen soek sy talent en gebruik dit tot voordeel van homself en van sy medemens.

Verduidelik waarom sommige spanlede spanleiers kan wees en ander nie, asook waarom een drilbevele kan gee en die ander dit moet uitvoer.

Maak gebruik van almal se talente deur aan elkeen voortdurend opdragte en erkenning te gee sodat nie net hul talente nie, maar ook hul verantwoordelikeheidsin kan ontwikkel.

5. Voltooi die opdragte in die werkboek.



2 SPAARSIN

DOEL

Om die begrip van spaarsin aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.

INHOUD

1. Geld.
 2. Besittings.
-

Die hantering van die onderwerp sal afhang van die omstandighede van die spanlede. Dit is ook nie 'n eenmalige aanbieding nie, maar 'n voortdurende opvoedingsproses.

2.1 GELD

Wat beteken dit om te spaar

Om te spaar beteken om enigiets wat jy kry, te bêre sodat dit later van meer waarde en nut kan wees. Dit beteken ook dat veral geld wat verdien word of as sakgeld verkry word nie altyd alles bestee hoef te word nie.

Waarom moet ons spaar?

Om te kan spaar moet daar die wil en vermoë wees om te spaar. Verstandige mense beplan vir die toekoms. Hulle bestee geld aan hulle huidige behoeftes en spaar vir die dinge wat hulle nie nou kan bekostig nie.

Geen mens spaar doelloos geld nie. Daar moet 'n doel wees waarvoor daar gespaar word.

Plekke waar gespaar kan word:

1. By die poskantoor
2. By banke

Verduidelik kortliks en eenvoudig hoe dit werk, byvoorbeeld dat geld veilig is by so 'n instansie en dat dit meer word as dit belê word as gevolg van renteverdienste.

AANBIEDING

1. *Help die span om die taak in die werkboek te voltooi.*
2. *In die werkboek is 'n vorm aangebring waarop die kind met die hulp van die offisier, beplanning van sy geldsake kan doen, al is dit ook net 'n denkbeeldige oefening.*
3. *Motiveer die span om saam vir 'n bepaalde behoefte te spaar, byvoorbeeld vir 'n nuwe fotoalbum of kussings vir die span. Moenie 'n te duur item kies nie, anders mag hulle belangstelling verloor.*
4. *Die gebruik van regte geld sal die aanbieding interessanter maak.*

2.2 BESITTINGS

Omdat niks gratis bekombaar is nie en alles geld kos, kan gepoog word om deur die spaarpoging soos hierbo genoem, die span te laat besef dat hulle dit wat hulle het, moet oppas.

Lê klem daarop dat deur aanhoudend stukkende artikels te vervang, daar weinig vooruitgang kan wees soos byvoorbeeld: deur die een motortjie te breek het Johan, nadat hy weer een gekoop het, nog maar net een, terwyl hy twee kon gehad het as hy die motortjie opgepas het.


Noem ook ander artikels wat spanlede kry om op te pas.

Dit moet voortdurend ingeskerp word dat veral die volgende versigtig hanteer moet word:

1. Skooltas en -boeke
2. Skoolklere en -skoene
3. Voortrekkerdrag
4. Speelgoed
5. Sportapparaat, byvoorbeeld tennisraket
6. Fiets
7. Ander persone se eiendom "wat met spesiale" sorg hanteer moet word.

AANBIEDING

1. Laat die spanlede artikels bring wat hulle al 'n jaar besit. Wys daarop dat dit nie net nuwe dinge is wat waarde het nie, maar ook die ou dinge.
2. Maak 'n spaarvarkie.
 - ❖ Neem 'n ballon en blaas dit op tot die grootte van 'n spaarvarkie,
 - ❖ Beplak met stukkies koerantpapier wat geweek is in muurpapiergom. Plak een laag oor hele ballon.
 - ❖ Sny die vier pote uit 'n eierdosie en gebruik 'n halwe leë toiletrol vir die snoet en plak vas
 - ❖ Plak nog vier lae koerantpapierstukkies oor die hele "varkie".
 - ❖ Laat baie goed droog word en verf dan.



EK IN MY OMGEWING

1 VEILIGHEID TEN OPSIGTE VAN WATER

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die gevare van water en om hom te leer om veilig met water om te gaan.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die nadele van waterbesoedeling.

INHOUD

1. Veilige en onveilige swemplekke.
 2. Gevare van damme en riviere.
 3. Oorstromings.
 4. Veiligheid op bote.
 5. Veilige gebruik van water.
 6. Waterspele.
 7. Besoedeling.
-

Water is noodsaaklik vir die mens. Dit hou hom gesond en skoon, is nodig vir ontspanning, vervoer en om voedsel te kweek.

1.1 VEILIGE EN ONVEILIGE SWEMPLEKKE

Veilige swemplekke is:

1. 'n Swembad.
2. Die see, tussen die lewensredders se bakens.
3. 'n Rivier, mits dit bekend is.

Onveilige swemplekke is:

1. 'n Dam.
2. 'n Rivier wat onbekend is.
3. Die see, waar dit nie as swemplek aangedui is nie.

Belangrike reëls vir die swembad:

1. Moet nooit alleen gaan swem nie, daar moet altyd volwasse toesig wees.
2. Kyk vir ander swemmers voordat jy in die water duik of spring.
3. Moenie enigiemand in die water stamp nie.
4. Moenie om die swembad hardloop nie.

1.2 GEVARE VAN DAMME EN RIVIERE

Damme

1. Die water in damme is nie helder sodat jy orals kan sien nie.
2. Die diepte van die water is nie konstant of bepaalbaar nie.
3. Soms groei plante onder die water waarin 'n mens verstrengel kan raak.

Riviere

1. Die diepte van riviere is moeilik bepaalbaar.
2. Maalgate en stroomversnellings kom voor.
3. Die wal kan maklik inval.
4. Water vloei stadiger langs die kant as in die middel.

1.3 OORSTROMINGS

Oorstromings vind plaas as daar te veel water op 'n bepaalde plek is en dit nie vinnig genoeg wegvloei nie.

Die volgende moet in ag geneem word by oorstromings:

1. Waarsku Penkoppe en Drawwertjies om dit nie te na aan 'n rivier wat oorstroom is, te waag nie.
2. Bly op die hoogste plekke weg van die water; bly kalm en dink voor elke optrede.
3. Waarsku mense betyds indien moontlik.

Die Laingsburggramp, toe die helfte van die dorp deur vloedwater weggevee is omdat dit stroomop in die opvanggebied van twee riviere wat by die dorp bymekaar aansluit baie gereën het, kan hier as voorbeeld genoem word. Die oorstromings in Mosambiek en die Laeveld in 2000 is 'n meer onlangse voorbeeld.

1.4 VEILIGHEID OP BOTE

Dit is baie lekker om op 'n boot op die see, dam of rivier te vaar. Dit kan egter baie gevaarlik wees as ons nie versigtig is nie. Hier geld die volgende reëls:

1. Klim net op bote wat goed met noodapparaat toegerus is.
2. Vaar saam met grootmense op 'n boot.
3. Dra altyd 'n reddingsbaadjie.
4. Moenie rond klim en klouter as die boot op die water vaar nie. Jy kan maklik val of afval.
5. Moenie op die rand van 'n boot sit nie, maar sit liever binne-in op die bankies.

1.5 VEILIGE GEBRUIK VAN WATER

Ten opsigte van die veilige gebruik van water moet die volgende in gedagte gehou word:

1. Drinkwater. Drink net water wat jy weet wat skoon is.
2. Kookwater. Wees versigtig daarmee. Laat grootmense liewers daarmee werk.
3. Bad of stort. Moenie te veel water gebruik nie.
4. Draai krane altyd deeglik toe.

1.6 WATERSPELE

Spele in en om die water kan urelange pret verskaf as 'n paar veiligheidsmaatreëls getref word, soos die volgende:

1. Moenie "waag- en vertoon"-speletjies speel nie.
2. Dink voordat jy iets doen.
3. Dink ook vir ander, sodat jy gereed kan wees as hulle onbesonne dinge aanvang.
4. Moenie met skerp voorwerpe of iets wat kan breek in die water speel nie.
5. Moet NOOIT elektrisiteit naby die water bring waarin gespeel word nie. Selfs nie eers 'n radio nie.

1.7 BESOEDLING

Riviere, mere en damme word dikwels besoedel deur materiaal wat opsetlik of nalatig daarin gestort word. Dit is veral die volgende:

1. Drywende stowwe soos blikke en sakke.
3. Swewende stowwe soos alge en wiere (slik).
4. Opgeloste stowwe soos chemikalieë.
5. Giftige stowwe soos plaagdoders.

Nadele van waterbesoedeling:

1. Besoedelde water kan nie behoorlik verdamp nie. Daardeur verminder reën en oorverhitting van die aarde kan plaasvind.
2. Bruikbare water verminder terwyl die behoefte aan water steeds vergroot.
3. Besoedelde water verminder die ontspanningsgeriewe.
4. Besoedelde water het 'n nadelige uitwerking op die waterkringloop omdat waterplante en -diere doodgaan.

AANBIEDING

1. *Die hele aanbieding kan met groot vrug by 'n dam, swembad of rivier aangebied word indien dit enig-sins moontlik is. Anders kan u dalk video's of prente bekom om te illustreer wat u wil oordra.*
2. *Die hele aanbieding moet 'n gesprek wees. Die inhoud van die gesprek sal grootliks bepaal word deur die bydrae van die spanlede. Gebruik die prente in die werkboek as aanknopingspunt.*
3. *Die inligting wat gegee is, is slegs die basiese en kan met groot vrymoedigheid uitgebrei word om veral klem te lê op dit wat in die betrokke omgewing voorkom en bekend is.*
4. *Laat elke kind die prente in sy werkboek inkleur.*
5. *Die span kan ook 'n plakkaat van besoedeling maak en dit in die spankamer opsit.*
6. *Die ideaal is om die gedeelte oor besoedeling by besoedelde water te behandel. Die spanlede sal dan beter begryp waarvan gepraat word. Bogenoemde is moeilike feite om net so aan die spanlede oor te dra en daarom moet dit op die vlak van die spanlede aangebied word.*

2 DIENSLEWERING

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie van sy take binne die gesinsverband bewus te maak.
2. Om die Penkop en Drawwertjie te lei tot 'n positiewe gesindheid teenoor dienslewering in die gemeenskap.

INHOUD

1. Inleiding.
 2. Take en pligte tuis binne gesinsverband.
 3. Diens aan die gemeenskap.
-

2.1 INLEIDING

Sommige mense verkeer onder die indruk dat hande arbeid net vir die minder intelligente mense is, maar dit is 'n totale wanvoorstelling. Daar is ouerhuise waar kinders nooit enige takies kry om te verrig nie en alle hande arbeid word aan die huishulp oorgelaat. Sulke kinders word deur hul ouers 'n groot onreg aangedoen. Iemand wat met sy hande iets kan doen, is immers 'n baie meer bruikbare persoon as dié een wat sy hande die saligheid beloof het.

Deur middel van 'n gesprek moet die offisier vasstel watter take sy spanlede tuis verrig. Geleenthede moet geskep word vir die afhandeling van sekere take en opdragte, soos byvoorbeeld bed opmaak, skottelgoed was, vee, wasgoed afhaal, ensovoorts.

Probeer om die volgende gedagtes oor te dra:

1. Iemand kan net onafhanklik wees as hy dinge self kan doen.
2. Saamwerk het 'n bindende uitwerking op 'n groep.
3. Verantwoordelike sin moet aangeleer word deur vir take verantwoordelike te aanvaar.
4. Pligsbesef moet ontwikkel word.
5. Hoe gouer 'n kind die verantwoordelike van sekere take aanvaar, hoe gouer word dit deel van sy lewe om verantwoordelike te dra en te hanteer.

AANBIEDING

Moontlike geleenthede vir hande arbeid:

1. Tydens spanbyeenkomste.
2. By span- en kommandokampe.
3. Spesiale "werkdae".

Gebruik elke geleentheid om opvoedingswerk te doen.

2.2 TAKE EN PLIGTE TUIS - BINNE GESINSVERBAND

Inleiding: Laat elkeen noem wat:

- Sy ma se take is
- Sy pa se take is
- Die huishulp se take is.

Verneem of hulle gelukkig sou wees as hulle een van dié drie persone sou wees wat al daardie werk moet doen. Laat hulle bepaal of daar nie van die take is wat hulle kan oorneem nie.

2.3 DIENS AAN DIE MEDEMENS BINNE DIE GEMEENSAP

Die spanlede moet besef dat hulle nooit te klein is om vir iemand anders iets te doen nie. Dienslewering is 'n belangrike element van Voortrekker-wees. Probeer om deur die loop van die jaar die volgende by die kind te laat posvat:

1. Ek moet rondkyk om te sien waar ek kan help.
2. Ek moenie altyd wag om gevra te word om iets te doen nie.
3. Dit is 'n voorreg om vir ander iets te doen.
4. Dienslewering word nie altyd beloon nie.
5. Moontlike take wat spanlede kan verrig, word hieronder aangedui:
 - ❖ verversings help rondgee
 - ❖ skottelgoed was
 - ❖ stoele regsit of weer wegpak
 - ❖ help om na 'n funksie op te ruim
 - ❖ programme by 'n funksie verkoop of uitdeel
 - ❖ plekke aanwys
 - ❖ pamflette help versprei
 - ❖ 'n heldeakker of monument help versorg
 - ❖ die terrein van 'n geskiedkundige plek help versorg
 - ❖ die kamp- of spanterrein netjies hou
 - ❖ springmielies verpak vir die kermis
 - ❖ hout aandra vir die kampvuur
 - ❖ help waar en wanneer die offisier hulp nodig het.

AANBIEDING

1. Geleenthede moet geskep word vir dienslewering en daar moet nie gewag word dat dit deur ander gereël word of totdat die geleentheid hom voordoen nie.
2. Laat elke kind al die vrae en die tabel in sy werkboek voltooi.
3. Hierdie is nie 'n eenmalige aanbieding nie maar kan deur die loop van die jaar aangevul word soos die kinders diens lewer.
4. Skep 'n geleentheid waar die hele span saam diens kan lewer.
5. Moedig voortdurend dienslewering aan deur gereël by spanbyeenkomste te verneem watter diens hulle reeds gelewer het.

3 HANTERING VAN GEBRUIKSARTIKELS

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie te leer hoe om 'n mes, skêr, plastieksak, tou en gas veilig te hanteer.

INHOUD

1. 'n Mes.
2. 'n Skêr.
3. 'n Plastieksak.
4. 'n Tou.
5. Gas.

In die daaglikse lewe tuis en wanneer 'n spankamp of 'n uitstappie in die veld onderneem word, word allerhande artikels gebruik om werk makliker te maak. So is 'n mes of 'n skêr nodig om iets mee te sny of te knip, plastieksakke om dinge in te bêre of te dra, 'n tou om mee vas te maak. Al hierdie artikels is baie handig en ons kan byna nie daarsonder klaarkom nie, maar hulle kan ook gevaarlik wees as hulle nie reg hanteer word nie. Die spanlede moet beseft dat geeneen van genoemde artikels speelgoed is nie.

3.1 'N MES

Meslemme word van vlekvrystaal of gewone staal gemaak. Die voordeel van vlekvrystaal vir 'n meslem is dat dit nie vlek of roes nie. Gewone staal kan vlek of roes as dit nie goed versorg word nie.

Die nut van die mes

- Om te eet: byvoorbeeld biltong of vrugte.
- Vir oorlewing: om diere, voëls, vis te slag.
- In die veld: om 'n stok vir stokbrood te sny, 'n kiere of 'n stapstok te kerf.
- Noodhulp: om byvoorbeeld 'n angel uit te skraap en om pleister of toue te sny.

Die korrekte hantering vir veilige gebruik van die mes

- Sny altyd weg van jou af, sodat jy jouself nie raaksny as die mes gly nie.
- Bêre 'n mes altyd met sy lem toe.
- Moet nooit hardloop, beduie of gooi met 'n oop mes nie.
- Moet nooit 'n mes aan die lem vashou nie.
- Wanneer die mes oopgemaak word, moenie met 'n vinger aan die snykant raak nie.
- Wanneer die mes toegeknip word, sorg dat jou vingers uit die pad is.
- Maak seker dat die mes skerp is: 'n stomp mes wat gly, kan nog steeds vingers sny.
- Gebruik 'n plankie om die hout of biltong, waaraan gekerf word, op te laat rus.

Versorging van die mes

- Moet nooit metaal of klip met 'n mes probeer sny nie.
- Moenie met 'n mes kap nie.
- Moenie skroewe met 'n mes se lem probeer uitdraai nie, want die punt sal afbreek.
- Moenie 'n oop mes laat rondlê nie.
- Maak 'n mes deeglik skoon en droog voordat dit toegeknip word, anders roes of vlek dit.

- Moet nooit 'n mes op 'n elektriese slypwiël slyp nie. Slyp dit op 'n stukkie metaalskuurpapier oor 'n stukkie hout of gebruik verkieslik 'n olieslypsteen.
- Gebruik 'n vuurhoutjie om die hef van 'n mes skoon te maak.
- Bêre 'n knipmes altyd veilig in jou sak, aangesien dit maklik kan verloor.

'n Goeie knipmes wat mooi opgepas en met respek behandel word, kan 'n mens se beste vriend wees.

3.2 'N SKÊR ✂ ✂ ✂ ✂

Ons kry dikwels 'n skêr nodig vir uitknip of afknip. Gebruik 'n stomppuntskêr om papier mee te knip en 'n kombuisskêr om plastiek mee te sny. 'n Klein skêrtjie in die noodhulpsakkie is baie handig. Knip naels met 'n naelskêrtjie omdat dit spesiaal gevorm is om dit reg te kan doen.

Die nut van 'n skêr

- Uitknip: prente, rokke vir papierpoppe, materiaal vir popklere of sagte leer vir 'n messkede.
- Afknip: tou, papier, materiaal, blomstele, plastiese verpakkingsmateriaal, pleisters of verbande.

Die korrekte hantering en veilige gebruik van 'n skêr

- Hanteer 'n skêr versigtig en hou vingers uit die pad van die lemme.
- As 'n skêr vir iemand aangegee word, sorg dat die lemme toe is en hou dit aan die punt van die lemme vas.
- Moenie 'n skêr laat val nie, want dit kan in iemand se voet val.
- Moenie harde artikels, soos spykers, spelde, draad of blik met 'n gewone skêr probeer knip nie, maar gebruik liever 'n blikskêr daarvoor!
- Moenie 'n skêr gebruik om mee te grawe of te kap nie.
- Moet nooit dat die skêr se skerp punte na jou toe wys nie en pas veral op vir jou oë.
- Gebruik die korrekte skêr vir elke taak.

Die versorging van 'n skêr

- Laat iemand, wat weet hoe om dit te doen, 'n skêr slyp as die lemme stomp geword het.
- Moenie dat 'n skêr nat word nie.
- Moenie dat 'n skêr val nie omdat die lemme beskadig kan word.
- Bêre 'n skêr veilig in 'n naaldwerk- of noodhulpsakkie of in 'n laai as dit nie gebruik word nie.
- Maak 'n skêr kurkdroog en skoon voordat dit gebêre word. Die lemme kan met fyn staalwol blink gevryf word.

3.3 'N PLASTIEKSAK

Dit is seker een van die nuttigste artikels in ons daaglikse lewe, maar ook 'n groot bron van besoedeling. Daarby kan dit 'n baie gevaarlike artikel wees as dit verkeerd hanteer word. Ons gebruik allerhande soorte en kleure plastieksakke.

Die nut van 'n plastieksak

Die grootste nut van 'n plastieksak is dat dit waterdig en lig is, maar dit is gewoonlik nie baie sterk nie en skeur maklik as ons dit nie versigtig hanteer nie. Gebruik dit vir die volgende:

- Om artikels, wat nie moet nat word nie, daarin te verpak of toe te draai.
- Om klein artikels bymekaar te hou, soos byvoorbeeld knopies en potlode.
- Om byvoorbeeld 'n waslappie daarin nat te hou.
- Om voedsel higiënies te bewaar.

- Om 'n waterdigte oppervlakte te verseker.

Die korrekte hantering en veilige gebruik van 'n plastiëksak

- Moenie 'n plastiëksak gebruik om swaar artikels in te dra nie, omdat dit sal skeur.
- Plaas voorwerpe met skerp rande of punte versigtig in 'n plastiëksak.
- Moet NOOIT 'n plastiëksak oor jou kop trek nie, want dit kan jou laat versmoor.
- Moet nooit 'n plastiëksak laat rondlê waar 'n baba of troeteldier dit in die hande kan kry nie.
- Moet nooit 'n plastiëksak in die veld weggooi nie, want diere kan dit kou en insluk en baie siek word. Dit lyk ook baie lelik in die veld.
- Moenie met 'n warm voorwerp, byvoorbeeld 'n pot of pan aan 'n plastiëksak raak nie, want dit smelt daaraan vas.
- Moenie plastiëksakke gebruik by 'n stoof of in 'n oond nie, want dit kan smelt.

3.4 'N TOU

Handige knope en vaswoele kan met 'n tou gemaak word en dit is goed om altyd tou byderhand te hê. 'n Handige lengte is tussen 1½ en 2 meter en ongeveer 6 mm dik. Dit moet netjies beset wees en wanneer dit nie in gebruik is nie, moet dit stewig opgerol wees.

Die nut van 'n tou

- Vasmaak: 'n draggie hout, 'n rol komberse of 'n pakkie.
- Makkerhulp: reddingstou by 'n afgrond of in water.
- Om voorwerpe mee te trek of sleep.
- Om iets aan jou lyf vas te maak, sodat jou hande vry is, byvoorbeeld 'n waterbottel.

Die veilige gebruik van tou

'n Tou is 'n nuttige gebruiksartikel maar 'n gevaarlike speelding en daarom moet die volgende in gedagte gehou word:

- Moet nooit 'n tou om jou nek sit of styf om jou lyf vasbind nie, omdat jy kan verwurg of jouself per ongeluk ophang.
- Moenie stukke tou laat rondlê nie, want diere kan daarin verstrengel raak en baie seerkry of doodgaan.
- Hou toue weg van klein kindertjies.

3.5 GAS

Gas is 'n baie handig waar daar, soos byvoorbeeld op 'n Voortrekkerkamp, nie elektrisiteit beskikbaar is nie. Dit is nie giftig nie, maar 'n mens kan versmoor as daar 'n lekkasie is. Dit neem die plek van lug in en dan is daar nie suurstof om in te asem nie. As gas nalatig hanteer word, kan die gassilinder ontplof.

Die nut van gas

- Dit is 'n bron van hitte: gasstografie, gasverwarmer.
- Dit is 'n bron van lig: gaslamp.
- Dit is skoon brandstof: geen as of rook nie.

Die korrekte gebruik en veilige hantering van gas

- Moet nooit gas onnodig laat ontsnap nie.
- Toets vir lekkasies deur seepwater om lasse te smeer en te kyk of blasies vorm. Moenie met 'n vuurhoutjie na lekkasies soek nie!
- Gashouers moet altyd regop staan wanneer dit gebruik en vervoer word.
- Moet NOOIT 'n gashouer naby 'n vuur of hittebron plaas nie, want dit is UITERS gevaarlik.
- Moet nooit 'n vuurhoutjie of ander oop vlam gebruik wanneer daar ontsnapte gas in 'n vertrek is nie. Maak deure en vensters oop en wag eers tot al die gas ontsnap het.
- Trek EERS die vuurhoutjie en draai DAN die gastoevoer oop en steek die gasvlam aan.
- As daar per ongeluk 'n lekkasie ontstaan en die gas slaan aan die brand, draai dadelik die gastoevoer af en daar sal verder niks gebeur nie.
- Sorg dat die gastoevoer deeglik afgedraai is na gebruik.
- Beveel aan dat spanlede liefes die hantering van gasapparaat moet vermy totdat hulle groter is.

AANBIEDING

Moenie probeer om al die inligting tydens een spanbyeenkoms oor te dra nie. Pas dit aan by die situasie soos dit deur die jaar voorkom. Hier volg 'n paar voorbeelde:

1. Algemene gesprek.

- *Praat oor 'n mes as die span brood smeer of groente skil tydens 'n kamp.*
- *Praat oor plastieksakke as hulle hul kos uitgehaal het tydens 'n spanuittappie of wanneer hulle weggoigoed in sakke bymekaarmaak.*
- *Praat oor 'n skêr as hulle handwerk doen of prente uitknip. Help die kinders om die bewertjie (hangertjie) in hulle werkboeke te maak.*
- *Praat byvoorbeeld oor gas wanneer almal rustig in hul slaapsakke lê tydens 'n spankamp en net die gaslamp nog brand.*
- *Praat oor toue as hulle leer om knope te maak. Maak hier die reghoekige vlieëer wat in die werkboek voorkom.*

2. Demonstreer die hantering van 'n mes deur 'n eenvoudige artikel of letters uit 'n koekie klam seep of stukkie sagte hout te kerf. Laat spanlede dit self fisies ook onder toesig doen.

3. Maak 'n lekker vrugteslaai deur verskillende soorte vrugte te skil en op te sny en laat die spanlede help terwyl u toesien dat die mes korrek gebruik word.

4. Sorg dat jeuglede elkeen 'n behoorlike tou aanskaf en leer hulle hoe om dit te beset en op te rol. Leer hulle om 'n skuifknoop te maak wat hulle dikwels in die alledaagse lewe nodig kry. U sal hierdie inligting vind in "Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie offisier".

5. Wys aan die jeuglede hoe 'n gasstofie en 'n gaslamp werk. Laat hulle beurte maak om EERS die vuurhoutjie te trek en DAN die gas oop te draai en aan te steek. Kinders moet liever nie alleen probeer om dit te doen nie.

6. Reël met 'n kundige persoon om tydens 'n spanvergadering te kom demonstreer hoe om 'n knipmes op 'n slypsteentjie te slyp.

7. Gee aan die kind die geleentheid om self die mes te slyp deur die prentjies in die werkboek te volg.

4 NOODHULP

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie op te lei om elementêre noodhulp korrek toe te pas.

INHOUD

1. Snywonde.
2. Skaafwonde.
3. Neusbloeding.
4. Byte en steke (skerpioene, spinnekoppe, slange en bye).
5. Brandwonde.
6. Noodhulpsakkie

Om 'n noodhulp te wees, beteken meer as net om te help. 'n Noodhulp help waar daar nood is, waar iemand seergekry het. Net soos ons moet leer wat die regte manier is om 'n bed op te maak of om saadjies te saai, so moet die noodhulp leer wat die regte manier is om iemand wat seergekry het, te help.

Vir 'n noodhulp is daar baie om te leer, veel meer as wat ons Voortrekkers by ons byeenkomste kan leer. Dit is belangrik om baie oplettend te wees, sodat gou vasgestel kan word wat gebeur het, om gou hulp te ontbied en om te weet wat om te doen totdat hulp opdaag.

Die volgende reëls moet aan die span oorgedra word:

- Roep 'n offisier of 'n ander grootmens as iemand seergekry het.
- Sorg dat die noodhulpboodskap reg oorgedra word.
- Bly kalm en hou die pasiënt kalm terwyl gewag word.

4.1 SNYWONDE

Optrede:

- Was die snywond skoon met water en seep.
- Druk op die wond met 'n stukkie lap, skoon sakdoek of 'n gaasdepper totdat hulp opdaag.
- Plak of bind die snywond met 'n skoon lappie of 'n stukkie pleister toe om dit skoon te hou.

4.2 SKAAFWONDE

'n Skaafwond is 'n wond wat opgedoen word as iemand val en sy knie, elmboog of hand nerfaf is. So 'n wond word ook 'n skuurwond genoem. Partymaal is daar fyn stukkie grond en klippies in die wond.

Optrede:

- As die wond naby die huis opgedoen is, kan dit met water en seep of met soutwater gewas word om die sand en klippies uit te kry.
- Was die wond van binne na buite en gebruik elke keer 'n skoon depper (gaas).
- Gebruik 'n skoon, droë depper om die wond droog te druk.
- Plaas 'n stukkie gaas oor die wond, en verbind dit dan met 'n driehoek- of ander verband.

Hierdie noodhulp kan toegepas word as 'n noodhulpkissie beskikbaar is. As die besering in die veld plaasvind en die kisse nie byderhand is nie, beplan wat in die plek van die korrekte toerusting gebruik kan word.

'n Skoon sakdoek, of selfs 'n papiersakdoek kan gebruik word as gaas nie beskikbaar is nie, maar dit moet skoon wees. Vou die binnekant na buite en plaas dit dan op die seerplek in plaas van die gaas. As skoon water beskikbaar is, gebruik dit soos hierbo beskryf is. Maak die wond later by die huis goed skoon.

4.3 NEUSBLOEDING

Soms as dit baie warm in die somer is, bloei 'n mens se neus maklik, dit kan ook bloei as twee maats in mekaar vas hardloop. Leer die span hoe om die bloeding te stelp. Die volgende wenke kan gegee word:

- Gaan sit in die koelte of voor 'n oop venster.
- Sit regop met die kop effe vooroor sodat bloed nie die lugweë versper nie.
- Hou die mond oop en haal daardeur asem.
- Knyp die sagte dele van die neus vir drie minute lank met twee vingers toe.
- Kalmeer die pasiënt.
- As niks help nie, neem die pasiënt na 'n dokter.

4.4 BYTE EN STEKE

Indien moontlik stel deeglik vas wat dit was wat gebyt of gestee het. Met hierdie inligting kan die dokter die regte behandeling toepas.

Skerpioene en spinnekoppe

- Plaas ys, indien dit beskikbaar is, toegedraai in 'n sakdoek of ander lap op die bytwond. (Moet nooit ys direk op 'n wond plaas nie).
- Neem die pasiënt dadelik na 'n dokter.

Slange

- Kalmeer die pasiënt en laat hom dadelik stil lê. Die pasiënt mag nie beweeg nie en moet gedra word ingeval hy vervoer moet word.
- Indien daar gif in die pasiënt se oog gekom het, was dit dadelik met water uit vanaf die neus na buite.
- Laat so gou moontlik hulp ontbied. Laat liefs 'n maat by die pasiënt bly om hom gerus te stel.
- Indien die slang gesien is, beskryf dit in die noodhulpboodskap.
- Draai 'n rekverband redelik stewig om die hele ledemaat. Die vingers en tone moet oop bly.
Nota: Offisiere moet die nodige aanpassings in verband met die behandeling van slangbyt maak volgens die nuutste mediese opdragte.

Bye

- Indien daar 'n angel na 'n bysteek agtergebly het, moet dit met 'n mes uitgekrap word. Moet dit nie probeer uittrek nie, want daardeur word net meer gif in die wond gespuut.
- Plaas ammoniak en water, koeksoda en water of vlugsout op die wond.
- As die pasiënt allergies is vir bysteek of aan asemnood ly (swaar asemhaal) of as die plek baie swel, moet 'n dokter dadelik ontbied word of die pasiënt moet dadelik na 'n dokter geneem word.

4.5 BRANDWONDE

Enige plek waar daar vuur, kookwater of elektrisiteit is, is daar die gevaar van brandwonde.

Wat moet jy doen as jy 'n vinger, hand, toon of voet gebrand het?

- Hou die brandwond onmiddellik onder koue water of gooi koue water daaroor totdat die brandgevoel verminder.
- Roep, of gaan na 'n grootmens.

Wat moet jy doen as kookwater op jou uitval?

- Hou die brandwond onmiddellik onder koue water of gooi yswater daaroor totdat die brandgevoel verminder.
- Roep, of gaan na 'n grootmens.

Wat moet jy doen wanneer iemand se klere aan die brand raak?

- Beveel hom om dadelik te gaan lê.
- Gryp die naaste kombers, jas, seil of iets soortgelyks. Gaan versigtig nader en gooi dit oor hom.
- Smoor die vlamme met die kombers.
- Roep dadelik 'n grootmens.
- Kalmeer die pasiënt.

AANBIEDING

Gebruik die volgende werkwyse:


1. Praat met die span oor die doel van noodhulp asook die noodsaaklikheid daarvan. Die besef dat elkeen 'n noodhelper kan wees, moet tuisgebring word.
2. Doen self die aanbieding of kry 'n kundige ouer of persoon om daarmee te help.
3. Dra die kennis oor deur middel van 'n demonstrasie. Sorg dat die noodhulpmiddels byvoorbeeld die pleister, gaas en skêr beskikbaar is.
4. Gee aan elke spanlid die geleentheid om die behandeling op 'n maat toe te pas. (Hulle kan, indien hulle voor die tyd so versoek is byvoorbeeld hulle eie noodhulpmiddels saambring). Verleen hulp waar nodig.
5. Nooi 'n ander span by 'n volgende byeenkoms om die "pasiënte" te wees sodat die "noodhulpspan" die nodige kan doen.
6. Nagemaakte wonde kan gebruik word.
7. Laat die spanlede verduidelik wat hulle optrede sal wees by elkeen van die situasies wat in die werkboek geïllustreer is.

WENKE

1. Indien moontlik moet meer geleentheid gegee word vir oefening en optrede, byvoorbeeld gebruik vrye tydies op kampe of op die busrit om spanlede kans te gee om speel-speel op te tree en die noodhulp toe te pas.
2. Slegs met gereelde oefening kan die kind werklik vertrou raak met die optrede en dalk nog 'n lewe red.

4.6 NOODHULPSAKKIE

- Hier volg 'n voorstel vir 'n noodhulpsakkie. Die grootte na voltooiing is 20 cm x 50cm
- Neem 'n stuk materiaal van 36 cm x 50 cm. Werk die twee langkante af. Vou albei langkante 8 cm na binne om slopies te kan vorm.
- Werk hakkies en ogies of “velgro” aan die ente om die sakkie te kan vasmaak wanneer dit opgerol word.
- Werk ook 'n band aan sodat dit maklik oor die skouer gedra kan word.



5 KAMPERING

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die beplanning van 'n kamp / daguitstappie.
2. Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met veiligheidsmaatreëls rondom vuurmaak in die veld.

INHOUD

1. Inligtingstuk.
2. Persoonlike benodigdhede.
3. Kampreëls.
4. Vuurmaak in die veld.
5. Daguitstappie.

5.1 INLIGTINGSTUK

Ouers wil altyd weet waar hulle kinders is. Daarom is dit nodig om aan hulle 'n inligtingsbrief (kampbrief) te stuur. Daarin moet alle nodige inligting verskyn en dit moet 'n geruime tyd voor die kamp uitgestuur word. Gee aan elkeen 'n briefie wat kan dien as kampbrief met al die nodige inligting om in hul werkboek te plak. Inligting soos:

Datum	Tye van vertrek en aankoms
Plek	Vervoer
Koste	Neem saam
Kleredrag	

5.2 PERSOONLIKE BENODIGDHEDE

Die daaropvolgende gesprek gaan oor die items wat na die kamp saamgeneem moet word. Die offisier neem weer leiding, laat die spanlede items opnoem wat hulle dink wat nodig is en voeg by wat weggelaat is. Die volgende lysie kan na behoefte aangevul word:

1. Slaapgoed	2. Eetgerei
3. Klere	4. Toiletbenodigdhede
5. Bybel	6. Flits
7. Voortrekkerdrag (afhangende van tipe kamp)	

5.3 KAMPREËLS

Kampreëls is daar om te verseker dat almal lekker en veilig kamp. Iemand wat reëls oortree, soek moeilikheid. Vergelyk dit met reëls wat tuis en by die skool toegepas word. Omdat verskillende soorte kampe en verskillende terreine verskillende reëls vereis, kan die volgende slegs as riglyn dien:

1. Alle fluitseine en bevale moet stiptelik gehoorsaam word.
2. Geen span of Voortrekker mag die terrein sonder toestemming van die kampleier of die offisier, as dit 'n spankamp is, verlaat nie. Hy is vir jou veiligheid verantwoordelik en moet te alle tye weet waar jy is.

3. Slegs water wat deur die offisier aangewys is, kan gedrink of in geswem word. Onsuiver water of water wat met bilharzia besmet is, is gevaarlik.
4. Geen plantegroei mag beskadig word nie.
5. Elke besering moet by die offisier in bevel van die noodhulp aangemeld word. Dis net oningeligte Voortrekkers wat nie 'n wond laat versorg of 'n siekte laat behandel nie en self medikasie neem.
6. Die kamp moet skoongehou en alle afval in die houers of gate wat daarvoor bedoel is, gegooi word. Plastiek is gevaarlik vir diere en afvalkos lok miere en vlieë. Blikke moet teruggeneem word huis toe. Askolle moet met sand toegegooi word sodat daar nie brande ontstaan nie en die kampeerplek moet netjies agtergelaat word.

Die offisier stel 'n aantal kampreëls op wat by die span se omstandighede pas en gee dit aan elke spanlid om in sy *werkboek* te hou. Dit is meer effektief as elke reël aan die span verduidelik word waarom dit daar is. Sorg egter dat die reëls afdwingbaar is en dat daar opgetree word as dit oortree word.

5.4 VUURMAAK IN DIE VELD

Kinders hou van vuurmaak en daarom is dit uiters belangrik dat die spanlede die korrekte optrede in verband met vuurmaak aanleer, maar ook baie duidelik die gevaar daarvan besef. Dit moet prakties gedoen word. Die aanpak van die vuur, die aansteek, aan die gang hou en blus daarvan moet mooi verduidelik word. Die onderstaande vuurmaakreëls kan beklemtoon word:

Vuurmaakreëls:

Voortrekkers is baie versigtig wanneer hulle vuurmaak en neem gevolglik die volgende in ag:

- Hou die wind goed dop, hoe sterk dit is en waarheen dit die vonke en vlamme sal waai. Moenie vuurmaak as die wind te sterk waai nie, want die vonke en vlamme kan 'n veldbrand begin.
- Moet nooit vuur in die lang gras of tussen bossies maak nie.
- Maak eers 'n kaal kol in die gras of bossies of soek 'n oop kol in die veld waar die vuur gemaak kan word.
- Moet nooit vuur reg onder 'n boom of kragrade maak nie.
- Moet nooit, nooit 'n vuurhoutjie wat nog brand in die veld weggooi nie, maar gooi dit liever met sand toe.
- Moet nooit 'n vuur alleen laat brand nie, maar pas dit gedurig op.
- Blus die vuur behoorlik met grond.
- Begrawe die as en gebrande hout.

AANBIEDING

Geen formele les is nodig nie. Dra al die inligting reeds tydens die beplanning van u kamp of uitstappie oor.


5.5 DAGUITSTAPPIE

Die daguitstappie kan gebruik word om alles wat in hierdie hoofstuk beskryf word, toe te pas, naamlik:

1. Inligtingsbrief. Dit sal dieselfde tipe inligting bevat as die kampbrief. Datum, Plek, Tyd van vertrek en aankoms, Vervoer, Koste, Voorraad wat saamgeneem moet word.
2. Persoonlike benodighede. Klein rugsakkie, eetgerei, middagete, koeldrank, noodhulpsakkie en bottel met water. Kleredrag moet aanpas by die weersomstandighede, maar goeie stapskoene met sokkies, 'n warm baadjie en 'n hoed is 'n vereiste.
3. Reëls waaraan gehoor gegee moet word: Gehoorsaam die leier te alle tye. Bly in 'n groep. Moet nie onbekende veldplante eet nie. Wees versigtig om sommer enige water te gebruik.
4. Vuurmaak in die veld om kos voor te berei. Dieselfde reëls as by kampering geld hier.

AANBIEDING

1. Die offisier moet vooraf die roete stap wat die span gaan volg sodat hy die korrekte inligting aan die ouers kan deurgee:
2. Laat die kinders die opdragte in die werkboek voltooi.
3. Al is foto's 'n ekstra koste is dit tog die moeite werd. Neem self goeie foto's en sluit selfs die uitgawe daaraan verbonde by die koste van die uitstappie in.



EK AS VOORTREKKER

1 DIE VOORTREKKERS - ONS VELDKORNETSKAP

DOEL

1. Om die samestelling van die veldkornetskap aan die Penkop en Drawwertjie oor te dra.
2. Om die Penkop en Drawwertjie vertrouwd te maak met die betrokke rangkentekens.
3. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die verantwoordelikhede van 'n leier.

INHOUD

1. Samestelling van die veldkornetskap.
 2. Rangkentekens.
 3. Leierskap.
-

1.1 SAMESTELLING VAN DIE VELDKORNETSKAP

Verseker dat die kind die samestelling van 'n span en die rangkentekens in 'n span ken en verstaan; asook dié van die kommando-jeugleier (uit die vorige jaar se leerplan).

Elke span kan nie maar net op sy eie funksioneer sonder enige kontak met ander spanne nie. Daarom word seunspanne saam gegroeper om 'n seunsveldkornetskap te vorm. Netso vorm die dogterspanne die dogtersveldkornetskap.

In die veldkornetskap is daar weer 'n persoon wat die gesag uitoefen en die verantwoordelikheid aanvaar naamlik die veldkornet. Daar is gewoonlik 'n veldkornet vir die seuns en 'n veldkornet vir die dogters. Volgens die HAT is 'n veldkornet 'n belangrike amptenaar in die plaaslike bestuur (kommando in hierdie geval), wat ondergeskik is aan die leier van daardie plaaslike bestuur. Verder word verduidelik dat hierdie persoon funksies van groot betekenis en verantwoordelikheid sou uitoefen.

1.2 RANGKENTEKENS

Die veldkornet se rangkentekens is drie groen kompaspe. Hy word bygestaan deur die ander spanoffisiere in sy veldkornetskap. Hulle word adjudante genoem en dra twee groen kompaspe.

Kompasse wys rigting aan net soos die veldkornet en die adjudant respektiewelik rigting vir die veldkornetskap en die span aanwys.

1.3 LEIERSKAP

Dit is nodig dat die kind reeds op 'n jong ouderdom bewus gemaak word van die pligte en verantwoordelikhede van leiers.

1. 'n Leier moet kennis hê van die saak waaroor hy sy span moet lei.
2. 'n Leier moet met mense kan werk, met ander woorde hy moet sy volgelinge verstaan, na hulle luister en hulle help.
3. 'n Leier is nie 'n baas nie, maar doen dinge saam met sy span.
4. 'n Leier is verantwoordelik.

AANBIEDING

1. *Laat die veldkornet by u span kom besoek aflê, sodat hulle met hom kan kennis maak en sy rangkentekens sien.*
2. *Gebruik die volgende speletjie:*

Maak 'n stel kaarte met die volgende woorde of sketse van die betrokke rangkentekens elk op 'n afsonderlike kaart: jeugleier, spanleier, adjunkspanleier, drie klokkies, twee klokkies, een klokke, veldkornet, adjudant, drie kompasse, twee kompasse. Die name van die persone wat die range dra kom ook elkeen op 'n afsonderlike kaart. Dit kan in duplikaat of triplikaat wees na gelang van die grootte van die span.

Skommel die stel kaarte goed en deel 7 kaarte aan elkeen uit. Speel nou soos "rummy" - die optel- en uitgooimetode. Die een wat eerste 'n volledige ry kan uitpak is die wenner byvoorbeeld: jeugleier, Piet Klopper, drie klokkies. Die spel kan later uitgebrei word deur nuwe range en name by te voeg.

Mens kan ook "snap" speel.
3. *Dit sal nie veel beteken om op hierdie ouderdom aan die span 'n formele lesing oor leierskap te gee nie. Dit moet hanteer word soos die situasie hom voordoet. Dra die vereistes van 'n goeie leier voortdurend aan hulle oor soos omstandighede dit vereis.*
4. *Laat die kind die gevraagde inligting in die werkboek invul.*
5. *Gebruik die "hulpmiddels" (rangkentekens – kronologies in kleur op karton) wat by die depot beskikbaar is, om mee te illustreer.*

2 DIE VOORTREKKERWAPEN

DOEL

1. Om die samestelling van die Voortrekkerwapen vir die Penkop en Drawwertjie te leer.
2. Om die simboliek van die Voortrekkerwapen vir die Penkop en Drawwertjie te verduidelik.
3. Om trots op ons eie embleem by die Penkop en Drawwertjie te kweek.

INHOUD

1. Die samestelling van die Voortrekkerwapen.
 2. Simboliek van verskillende dele van die wapen.
 3. Gebruike van die Voortrekkerwapen (die moets en moenies).
-

2.1 DIE SAMESTELLING VAN DIE VOORTREKKERWAPEN

Die wiel

Die wiel in die wapen is die voorwiel van 'n kakebeenwa. Die voorwiel het 10 speke terwyl die agterwiel meer het (12 tot 16). Die voorwiel draai vorentoe en bepaal die rigting terwyl die agterwiele net die voorwiele volg.

Die fakkel

Die fakkel beteken lig en is dié deel van die wapen wat ons aan God bind. As ons aan godsdiens en die Bybel dink, weet ons dat ons as Christene daardeur die lig gekry het om ander mense se behoeftes en ook die krag van die natuur en die Skepping raak te sien.

Die leuse

Die leuse van *Die Voortrekkers* is HOU KOERS. Dit verskyn op 'n blou lint onderaan die wapen. Die leuse van 'n skool of beweging of vereniging moet dien om sy mense tot groter hoogtes aan te spoor, daarom motiveer die leuse van *Die Voortrekkers* sy lede om koers te hou op die regte pad soos dit deur die Woord van God aangedui word.

2.2 SIMBOLIEK VAN DIE VERSKILLENDE DELE VAN DIE WAPEN

Die voorwiel

Die voorwiel dui op beweging (nie staties nie) en op vooruitgang (altyd beter, altyd vorentoe). Daar is nog meer simboliek aan die wiel gekoppel, maar vir hierdie ouderdomsgroep is dit voldoende om slegs die bogenoemde te meld.

Die fakkel

Die fakkel dui op die lig van die beskawing wat ons voorvaders die land ingedra het asook die opdrag aan ons as Voortrekkers om steeds 'n lig vir ander te wees tot 'n beter en 'n meer Godgerigte lewe.

Die leuse: Hou Koers

HOU KOERS is die opdrag aan elke Voortrekker om die pad te volg wat deur die Bybel, ons ouers, die beloftes en die Voortrekkerkode as rigtingwysers aangedui word. Bly op die koers wat 'n gelowige mens op die lewenspad moet volg.

2.3 DIE GEBRUIKE VAN DIE VOORTREKKERWAPEN

1. Die wapen word deur alle lede op hulle Voortrekkerdrag gedra.
2. Die wapen moet te alle tye met die nodige eerbied behandel word. Dit kan byvoorbeeld op kussings of muurbehangsels aangebring word waar dit as versiering kan dien. Dit moet egter nie op 'n plek aangebring word waar dit nie die nodige eerbied ontvang nie.
3. Die plekke waar die wapen vertoon word moet dus die wapen en *Die Voortrekkers* tot eer strek. Die verskillende dele van die wapen mag apart gebruik word maar as die wapen as geheel gebruik word, moet sorg gedra word dat die verhouding tussen die drie dele korrek is.

AANBIEDING

1. *Behalwe die wapen op die hemp van die Voortrekkerdrag moet ook 'n mooi groot afbeelding van die wapen gebruik word om dit te verduidelik.*
2. *Verduidelik so eenvoudig moontlik want 'n stelling soos "Die lig wat die Christelike beskawing die binneland ingedra het" mag die kind onthou omdat dit baie deftig klink, maar dit sal vir hom geen betekenis hê nie.*
3. *Om die idee van die wapen by die kind vas te lê, kan die wapen op enige moontlike manier gemaak word, byvoorbeeld deur middel van 'n tekening, deur dit in te kleur, te borduur, of van gips, hout, sand en klei en selfs van modder, skulpies en klippies te maak. Batik en plakwerk met klein stukkie papier of lappies kan ook daarvoor aangewend word.*
4. *Die volgende speletjie lok groot belangstelling. Gebruik 'n dobbelsteentjie en elke spanlid moet 'n potlood en 'n stukkie papier hê. Elkeen kry 'n beurt om die steentjie te gooi:*
 - *Vir 'n 6 kan hy die (wiel) teken - sonder speke*
 - *Vir 'n 5 kan hy die (fakkelt) teken - sonder die vlam*
 - *Vir 'n 4 kan hy die (lint) teken*
 - *Vir 'n 3 kan hy die leuse inskryf*
 - *Vir 'n 2 kan hy die vlam op die fakkel teken*
 - *Vir 'n 1 kan hy 'n speek in die wiel teken.*
 - *Elke speler moet eers 'n 6 gooi voordat hy kan begin.**'n Speek kan nie geteken word as daar nie 'n wiel is nie net so ook nie die vlam voordat daar 'n fakkel is nie en die leuse voordat daar 'n lint is nie. Die een wat die wapen die eerste voltooi, is die wenner. Gee gerus maar bietjie skiet as 'n outjie te lank sukkel om 'n 6 te gooi.*
5. *Laat die kind die elemente waaruit die wapen bestaan in die werkboek uitknip en op die regte plek plak.*

3 SEREMONIE-VAARDIGHEDE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die plesier van “ek kan dit doen” te laat ervaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie ‘n trots vir ons Beweging te leer

INHOUD

1. Waarom vlagseremonies?
 2. Wenke vir die aanleer van seremonievaardighede.
 3. Bewegings vir graad 2.
-

3.1 WAAROM VLAGSEREMONIES?

1. Vlagseremonies is ons manier om eerbied en respek aan ons simbole te betoon.
2. Vlagseremonies, soos ander seremonies, help om ‘n besondere trots te kweek by jeuglede teenoor hul land, hul Beweging, hul span en hulself.
3. Vlagseremonies aan die begin en/of einde van ‘n Voortrekkeraktiwiteit bied die geleentheid tot ‘n ordelike begin en afsluiting. Dit dra ook by tot ‘n ordelike program wat na of voor so ‘n seremonie plaasvind.
4. Netjies afgeronde vlagseremonies kan ‘n goeie advertensie wees van die gehalte werk wat in die kommando of span gedoen word.

3.2 WENKE VIR DIE AANLEER VAN SEREMONIE-VAARDIGHEDE

1. ‘n Offisiere moet voorbereid wees en die bewegings self korrek uitvoer of iemand te kry om dit namens hom aan te bied.
2. Stel die groep op in 'n vierkant waarvan die een sy oop is, daar staan die aanbieder. Die vierkant word so gedraai dat die gesig van die aanbieder na die son is sodat die son nie die kinders pla nie.
3. Verduidelik eers wat die doel van die beweging is en gee dan 'n volledige demonstrasie hoe die beweging moet lyk. Vermy die noem en wys van verkeerde optredes, dit het die neiging om eerder vas te steek as die regte optrede.
4. Die ouderdom van die groep sal die spoed bepaal waarteen die groep die bewegings aanleer.
5. Sommige kinders sukkel met hand-oog koördinasie en moet ekstra aandag kry. Moet egter nie die kind uitsonder ten aanskoue van die ander nie. Stap liever saam met hierdie kind, gesels en begin jy as offisier jou arms swaai sodat die kind dit saam met jou doen en hy uiteindelik sonder inspanning marsjeer.
6. Prys kinders met die vordering wat hulle maak en bevestig ook gereeld waarom hulle dit moet aanleer.
7. Hersien vorige bewegings voordat die nuwes aangeleer word.
8. Moenie meer as twee bewegings op 'n keer probeer aanleer nie. Maak seker dat elkeen elke beweging behoorlik onder die knie het voordat aangegaan word na die volgende.
9. Seremonieële vaardighede moet gereeld geoefen word anders word dit verloor. Kort maar gereelde oefensessies toon beter resultate as 'n lang sessie. Hou op terwyl dit nog lekker is.
10. Sodra die kinders die bewegings onder die knie het kan dit saam met musiek uitgevoer word. Die resultaat is baie bevredigend en die kinders geniet dit.
11. Kinders geniet vlagseremonies meer as hulle dit behoorlik kan doen. Maak dus seker dat geleentheid vir oefening geskep word.

12. Gebruik die bewegings en vaardighede in ander seremonies ook sodat die kinders die waarde daarvan beleef en die genot van geordende bewegings kan ervaar.

Alles wat goed gedoen word verskaf genot, is aansteeklik en motiverend.

3.3 BEWEGINGS VIR GRAAD TWEE

Links om

Die bevel klink so: “L--i--nks-om”

Die bevel kan slegs uitgevoer word vanuit 'n “aandag” posisie.

- Draai op die linkervoet se hak en die regtervoet se tone en hou albei knieë gestrek.
- Plaas die regtervoet flink langs die linkervoet neer.
- Almal doen dit gelyk sonder om voete te stamp.
- Wanneer die liggaam draai bly die arms gestrek langs die sye en **swaai nie in die draai nie**.
- Almal staan nou weer op aandag maar kyk in 'n ander rigting.
- Om die bewegings gelyk te doen as groep kan die volgende tellings gevolg word:
 - Een - draai soos voorgeskryf.
 - Twee drie - staan doodstil om jou balans te kry.
 - Een - bring die ander voet by.

Regs om

Die bevel klink so: “R--e--gs-om”

- Draai op die regtervoet se hak en linkervoet se tone.
- Die knieë bly gestrek.
- Die arms is styf teen die sye.
- Plaas die linkervoet flink langs die regtervoet neer.
- Almal presies gelyk.
- Die groep staan nou weer op aandag maar kyk in 'n ander rigting.

Bogenoemde twee bewegings word gebruik om in die halt posisie netjies te draai.

Herstel

Die bevel klink so: “H--e--r - stel”

- Die bevel kan tydens enige posisie gegee word.
- Dit word gegee as die bevelvoerder per ongeluk 'n verkeerde bevel gegee het of as die gehoor die opdrag verkeerd of swak uitgevoer het.

Wanneer die bevel gegee is keer die groep terug na die posisie waarin hulle was voor die bevel gegee is.

Die godsdienst-houding

Wanneer godsdienst tydens 'n vlagsereemonie gehou word, gebeur die volgende:

- Die Voortrekkers word deur die seremonieleier “op die plek rus” geplaas.
- Die godsdienstleier tree na voor en begin lees 'n geskikte gedeelte.
- Wanneer hy sê "Kom ons bid" kom die Voortrekkers sonder enige bevel op aandag.
- Die seuns se arms kom tot langs hul sye en die koppe word gebuig.
- Die dogters se hande word voor in mekaar gevou en die koppe word gebuig.
- Nadat "Amen " gesê is, gaan elkeen op sy eie tyd terug na “op die plek rus” posisie.

Links en regs rig

Die bevel klink so: “Links en r--e--gs – rig”

- Wanneer daar in twee blokke aangetree word, gebeur die volgende: Op die bevel "rig" bly die spanleiers na voor kyk terwyl die res van die seuns se koppe na regs draai en die dogters se koppe na links draai.
- Sou daar net een blok aantree is die rig na regs.
- Saam met die draai van die kop word die arm in dieselfde rigting reguit uitgestoot, agter die persoon wat langsaan staan se rug verby, indien hy te naby staan.
- Die arm word waterpas met sy eie skouer gelig en pas nie aan by die skouer van die persoon langsaan nie.
- Die hand is effe toegevou maar nie gebal nie. Die buitekant van die hand is na bo.
- Sou die persoon te ver of te naby van die maat langs hom staan, word die spasie reggestel deur kort skuifpassies te maak totdat die toe vuis net raak aan die skouer of arm van die persoon.
- Die doel van die draai van die kop is om te sien waar staan die persoon langsaan sodat die ry reguit gemaak kan word. Daar kan vorentoe of agtertoe beweeg word met skuifpassies ten einde die ry reguit te kry.
- Sodra die ry reguit is en die spasies tussen almal korrek is, staan almal stil, nog steeds met die koppe gedraai.

Oë front

Op die bevel "**Oë front**" draai alle koppe vorentoe, die arms sak terug langs die sye. Die seremonie kan nou begin, want die groep is netjies opgestel.

LET WEL

Dit is net die voorste ry wat tydens 'n vlagsereemonie die arms ophig om te rig.

Die res van die groep kyk egter na links of regs soos die geval mag wees. Hulle kom in lyn met die voorste gelid deur die nodige aanpassings, soos reeds beskryf, te maak.

Die aksie word gebruik om Voortrekkers netjies en in reguit rye te spaseer.

4 DIE VOORTREKKERKODE

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie te veranker in dit waarvoor *Die Voortrekkers* staan. Christenskap, Afrikanerskap en Burgerskap.
2. Om aan die offisier rigting te gee wanneer hy beplanning doen en om hom te laat besef waarom elke deel van die werk in die boek belangrik is.
3. Om die offisier en jeuglid met woord en daad te bind aan die doelstellings van die Beweging.

INHOUD

1. Inleiding
 2. Voortrekkerkode
-

4.1 INLEIDING

Enige lewende wese se voortbestaan hang af van 'n bepaalde patroon of reëls waarvolgens en waarbinne hy in harmonie met sy soort en andersoortiges kan saamleef. Daarom is daar wette in elke land en reëls in elke skool en huis. Die Voortrekkerbeweging het 'n Kode (doelstellings) waarvolgens hulle probeer leef.

'n Kode is reëls en prosedures wat onderling deur die lede van 'n bepaalde stand, groep, vereniging of beweging erken word. Deur die reëls getrou na te streef en uit te leef word die doel van die beweging bereik.

Alles wat ons in *Die Voortrekkers* met die kinders doen of vir hulle leer moet aan een van die reëls van die kode gekoppel kan word. So sal die kinders en offisiere leer dat die Kode eintlik 'n leefwyse is.

Die Voortrekkerkode is 'n vereenvoudigde weergawe van die doelstellings van die Beweging. Opsommend praat ons ook van die ABC van die Beweging. Al die reëls van die Kode wat handel oor Afrikanerskap sal deel vorm van die A, alle reëls wat gemik is op Burgerskap sal die B uitmaak terwyl alle reëls wat handel met ons Christenskap die C komponent uitmaak.

Die kinders en offisiere moet nie net die kode ken nie maar moet dit ook uitleef. U het as offisier geslaag wanneer dit 'n werklikheid word. Om te kan slaag moet u voortdurend die kinders se denke en optredes volgens die Kode rig. U aanbiedings moet duidelik uitspel watter reël van die Kode u daarmee wil bereik. Deeglike voorbereiding is noodsaaklik sodat u aanbieding nuwe dimensie sal kry en die spanlede weekliks uitsien na die volgende byeenkoms omdat hulle werklik iets kry wat vir hulle 'n belewenis is. Die ekstra voorbereidingstyd sal deur en deur die moeite werd wees. (Gebruik ook die *Ondersteuningsboek vir Penkop en Drawwertjie Offisiere*)

4.2 VOORTREKKERKODE

Vanjaar word die volgende vyf reëls behandel nadat die vorige jaar se werk vlugtig herhaal is.

1. 'n Voortrekker glo in die Drie enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
3. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
4. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
5. 'n Voortrekker neem leiding.

Verduideliking van die bewoording:

- 1 'n Voortrekker moet 'n kind van God wees.
- 2 'n Voortrekker moet nie lelike woorde of woorde uit ander tale tussenin gebruik wanneer hy Afrikaans praat nie. Gebruik alle tale suiwer.
- 3 'n Voortrekker moet luister na die verhale van sy volk se verlede, die mooi dinge daarin onthou en die goeie voorbeelde volg.
- 4 'n Voortrekker is lief vir ons mooi land en is trots daarop.
- 5 'n Voortrekker kan die regte rigting aanwys. (fisies en geestelik)

AANBIEDING

1. *Probeer reeds vanjaar al om die volledige kode met al tien reëls in die spankamer, op kampe en uitstappies toe te pas en die jeuglede voortdurend daarvan bewus te maak om dit uit te leef.*
 - *Byvoorbeeld. Spanlid A breek 'n blomkop af. Betig hom mooi en wys hom op die reël wat handel oor bewaring.*
 - *Spanlid B gebruik Engelse woorde in 'n Afrikaanse gesprek. Wys hom daarop en gee die korrekte Afrikaanse woord en die reël wat handel oor taal en kultuur.*

5 VOORTREKKERDRAG EN KLEURSTELSEL**DOEL**

1. Om die Penkop en Drawwertjie groepsgebondenheid deur middel van drag te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n trots vir die drag van die Beweging te kweek.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die begrip van die sinvolle gebruik van kleur vir uitkenning aan te leer.

INHOUD

1. Voortrekkerdrag
2. Kleurstelsel

5.1 VOORTREKKERDRAG

- Moedig, deur u voorbeeld, die kinders aan om met **elke byeenkoms** minstens hulle aktiewe drag aan te trek.
- Maak by elke byeenkoms seker dat u en u span volgens **voorskrif** geklee is.
- **Skep** geleenthede vir die dra van formele drag.
- **Kontroleer** gereeld of die kentekens op die erkenningsbaadjies korrek aangewerk is.

5.2 KLEURSTELSEL**AGTERGROND INLIGTING VIR DIE OFFISIER**

In *Die Voortrekkers* gebruik ons 'n kleurkode as uitkenningshulpmiddel. Die kleure het 'n bepaalde volgorde sodat, wanneer jy die kleure se rympie ken, kan jy self diensjare, toekennings, range en graadwiele uitwerk.

Die kleurvolgorde is:

1. Oranje	2. Groen	3. Blou	4. Rooi	5. Silwer	6. Goud
-----------	----------	---------	---------	-----------	---------

1. Die graadwielboekies en die offisiere se handleidings volg bogenoemde kleurpatroon en daarmee saam die graadwiele wat die kinders ontvang na voltooiing van die werk in die boekie;
2. So ook die skeie en jukke wat die lede vir getroue bywoning ontvang.
3. Die rangkentekens van die Penkop en Drawwertjie is oranje terwyl die Verkenners s'n groen is .
4. Die rangkentekens van die offisiere volg dieselfde patroon.
 - Veldkornet en adjudante se kompasse is groen.
 - Kommandodagbestuur se kompasse is blou.
 - Oorddagbestuur se kompasse is rooi.
 - Gebiedsdagbestuur dra silwer wiele.
 - Hoofdagbestuur dra goue fakkels.

Maak seker dat die kentekens wat die kind die vorige jaar ontvang het, wel op sy erkenningsbaadjie korrek aangewerk is.

Aan die einde van hierdie jaar sal die kinders wat nou die tweede jaar in die Voortrekkers is, 'n groen graadwiel en 'n groen skei ontvang.

Die kind wat egter pas aangesluit het, ontvang wel 'n groen graadwiel, maar 'n oranje skei.

Wanneer die groen skei opgewerk word moet die oranje skei verwyder word. Slegs een skei word op die erkenningsbaadjie gedra. Die vorige jaar se graadwiel word **NIE** verwyder nie. Die nuwe graadwiel word net op die korrekte plek bygevoeg.

6 SANG

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van saamsing te laat ervaar.
2. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
3. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdisipline te leer.

INHOUD

1. Algemene nut van sang.
2. Wenke vir die offisier.
3. Liedjies vir graad twee.

6.1 ALGEMENE NUT VAN SANG

Sang kan gebruik word:

- Om atmosfeer te skep.
- Om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.
- As afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- As 'n uitlaatklep vir "besige" kinders.
- As 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- Om gees te bou.
- Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.
- Om lewenswaarhede oor te dra.

6.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Dit word sterk aanbeveel dat elke kind 'n hardebladboek aanskaf waarin elke jaar se liedjies geplak word.
2. Die liedjies moet pas by die kind se begripsvermoë en waar moontlik, aansluiting vind by die werk wat hulle behandel.
3. Sang kan gebruik word om die spanbyeenkoms mee te begin, af te sluit of as afwisseling tussen die werksaamhede van die dag.
4. As dit moeilik is om die groep aan die sing te kry of op die noot te hou, maak gebruik van 'n CD- of bandspeler om die musiek te speel terwyl gesing word. Daar kan selfs saam met die sanger gesing word.
5. Gebruik liedjies soos die wat Carika Keuzenkamp sing.
6. Kitaar of klavierbegeleiding kan ook gebruik word.
7. Wissel die sang af met bewegings. Byvoorbeeld: sit soms vir 'n liedjie, staan die volgende keer, haak bymekaar in, huppel of wieg heen en weer of klap op maat van die musiek. Maak dit 'n heerlike ervaring vir die groep.
8. Sang is belangrik tydens kampe en selfs ook terwyl die groep in 'n bus of motor ry.
9. Maak voorsiening vir sang tydens die weeklikse spanbyeenkomste al is dit net vir 5 minute.

6.3 SANG VIR GRAAD TWEE

Gedurende die jaar moet minstens **vyf** liedjies aangeleer word (**twee** Geestelik, **twee** Voortrekker en **een** om behandelde werk vas te lê).

AANBIEDING

1. Herhaal ook die liedjies wat die vorige jaar aangeleer is.
2. U kan ook dink aan 'n spanlied wat hulle kan aanleer.
3. Al die liedjies se woorde word in die hardeblad "sangbundel" geplak word.

7 SPELE

DOEL

1. Om by die Penkop en Drawwertjie 'n gevoel van samehorigheid te laat ontwikkel.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie gesagsaanvaarding en selfdissipline te leer.
3. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van prestasie en saamspeel te laat ervaar.

INHOUD

1. Algemene nut van spele.
2. Wenke vir die offisier.
3. Spele vir graad twee.

7.1 ALGEMENE NUT VAN SPELE

Spele kan gebruik word:

- Om groepsgees te skeep.
- Om te dien as oorgang tussen twee aktiwiteite.

- As afwisseling as die groep se aandag begin dwaal.
- As 'n uitlaatklep vir “besige” kinders.
- As 'n hulpmiddel tot vaslegging van teorie.
- Om informele leierskap te ontwikkel en uit te bou.

7.2 WENKE VIR DIE OFFISIER

1. Enige bordspel kan nuttig omgeskakel word vir Voortrekkerwerk.
2. Onthou dat bordspele binneshuis gebruik kan word wanneer die weer byvoorbeeld sleg is.
3. Maak voorsiening vir spel tydens die weeklikse spanbyeenkomste.
4. Gebruik spele tussen ander aktiwiteite sodat dit steeds vir die kinders lekker bly.

7.3 SPELE VIR GRAAD TWEE

Gedurende die jaar moet minstens **vyf** Voortrekker speletjies aangeleer word. Geen elektroniese speletjies nie.

AANBIEDING

1. *Kies spele wat by die ouderdomsgroep, by die getal spanlede en die ontwikkelingsvlak van die kinders pas.*
2. *Maak veral gebruik van speletjies met baie beweging.*
3. *Wanneer u speletjies kies, hou in gedagte dat kinders op die ouderdom nie graag verloor nie, veral nie as hy as enkeling uitgesonder word nie.*
4. *U neem die leiding en tree as rolmodel op.*

EK AS AFRIKANER

1 KINDERHELDE – DIRKIE UYS

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die kinderheld Dirkie Uys.

INHOUD

Die kinderheld: Dirkie Uys.

1.1 DIRKIE UYS

Dirkie Uys se pa, Piet Uys, was 'n belangrike voortrekkerleier en beesboer.

Na die moord op Piet Retief en sy geselskap is besluit om 'n strafekspedisie teen Dingaans te onderneem. Die strafkommando het onder leiding van Uys en Potgieter as gesamentlike bevelvoerders, teen Dingaans opgeruk.

'n Perdekommando van 347 man het in die rigting van Mgungundlovo vertrek. Eers op die vyfde dag is Zoeloes gewaar en na beraadslaging, maar sonder die nodige verkenningwerk, is besluit om hulle aan te val. Die Zoeloes het teruggeval. Piet Uys, met sy seun Dirkie by hom en 'n groepie burgers het die Zoeloes in die bedding van 'n bergspruit agternagesit. Hier het hulle in 'n hinderlaag beland en Piet Uys is met 'n assegaai gesteek. Hy het die assegaai self uit sy heup geruk en hulle het verder gejaag. Die bloed het uit die wond gestroom en hy het drie keer flou geword van die pyn en van die perd afgeval.

Piet Uys het sy manne beveel om hom daar te laat en voort te jaag.

Dirkie het getwyfel, maar het tog saam met die manne gery. Toe hy omkyk na waar sy pa magteloos gelê het, het hy daarheen teruggejaag. Hy het nog drie swart krygers geskiet maar die geweer het moeilik en stadig gelaai en voor hy weer kon skiet, was hulle op hom en hy het daardie dag saam met sy pa aan assegaaiwonde gesterf.

Klein Dirkie het nie eers een keer aan sy eie veiligheid gedink.

AANBIEDING

1. Vertel die verhaal van Dirkie Uys aan die span.
2. Beklemtoon die feit dat Dirkie Uys nie aan homself gedink het nie.
3. Die verhaal kan ook 'n goeie kampvuuritem wees.
4. 'n Draaiboek vir 'n video kan geskryf en opgeneem word met die span as "filmsterre".



EK AS LANDSBURGER

1 DIE GESKIEDENIS VAN ONS VOLK EN LAND

DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan die grondlegging van die Wes-Europese beskawing in Suid Afrika
2. Om die Penkop en Drawwertjie bekend te stel aan Jan van Riebeeck.

INHOUD

1. Jan van Riebeeck
 2. Standbeeld van Jan van Riebeeck.
-

1.1 JAN VAN RIEBEECK

Jan van Riebeeck is op 21 April 1619 in Nederland gebore. Jan het as jongman baie saam met sy vader gereis en dit was ook gedurende een van hierdie reise na die Wes-Indiese Eilande dat daar ongerymdhede was en Jan na Nederland teruggestuur is. Hy het egter daarna bly hunker om terug te keer na die Ooste en toe die Here XVII (die mense wat die handelsreise na die Ooste vanuit Holland gereël het), hom vra om 'n verversingsstasie aan die Kaap te begin, het hy ingewillig.

Jan van Riebeeck is in Maart 1649 met Maria de la Quellerie getroud en op 14 Desember 1651 het hy, sy vrou en seuntjie, sowel as twee niggies, vanaf Texel in Nederland, na die Kaap vertrek. Hy was op daardie stadium maar 32 jaar oud.

Op 6 April 1652 het hulle met drie skepe, die Drommedaris, die Reijger en De Goede Hoop, die Kaap bereik. Jan van Riebeeck was besonder fluks en 'n harde werker. Reeds drie dae na sy aankoms is die buitelyne van die Fort de Goede Hoop bepaal en die volgende dag is daar begin met die werk aan die fort.

Een van die hoofredes waarom Jan van Riebeeck die nedersetting aan die Kaap kom vestig het, was om te sorg dat vars voorraad aan die skepe gelewer kon word. Die verskaffing van vars vleis was 'n probleem, maar deur die opbou van 'n eie veestapel vir die Kompanjie en die bydrae van die latere vryburgers kon hieraan voldoen word.

Jan van Riebeeck kan met reg as die grondlegger van die Wes-Europese samelewing in Suid-Afrika beskou word. Hy het sedert sy aankoms aan die Kaap steeds probeer om die bewindhebbers van die VOC (Verenigde Oos Indiese Kompanjie) te oorreed om 'n gemeenskap aan die Kaap te vestig. Die ideaal is verweselik toe die eerste nege burgers op 21 Februarie 1657 van Kompanjiediens vrygestel is. Hulle word toe die Vryburgers genoem.

Na tien jaar aan die Kaap het Van Riebeeck uiteindelik die geleentheid gekry om na Batavië te gaan. Hy het ryker van die Kaap vertrek as wat hy in 1652 daar aangekom het, veral deur die inkomste wat hy uit sy privaat boerdery kon maak.

'n Blywende aandenking van Jan van Riebeeck is die dagboek wat hy in opdrag van die Here XVII daaglik gehou het. Dit is 'n belangrike dokument en 'n weergawe van die eerste tien bestaansjare van die blanke nedersetting aan die Kaap. Ook die ontwikkeling van die "nuwe" taal wat aan die Kaap gepraat is, blyk hieruit.

1.2 STANDBEELD VAN JAN VAN RIEBEECK IN KAAPSTAD

Aan die onderpunt van Adderleystraat in Kaapstad staan die standbeeld van Van Riebeeck. Dit was 'n geskenk van Cecil John Rhodes, 'n eerste minister van die Kaapkolonie, aan die inwoners van Kaapstad.

Rhodes het in 1895 aan die Skotse beeldhouer, John Tweed, opdrag gegee om die beeld te maak, maar hy mag nie sy eie naam op die beeld laat verskyn het nie. Vir Van Riebeeck se gelaatstrekke het Tweed 'n skildery wat in 1560 deur Dirk Craeij geskilder is, nagevolg.

Rhodes het in 1898 die plek waar die beeld opgerig moes word, aangedui. Met behulp van 'n bekende argitek, sir Herbert Baker, is die drie meter hoë bronsstandbeeld in 1899 by die ingang van die ou seehoof in Tafelbaai opgerig. Die bronsbeeld staan op 'n voetstuk van 4,27 meter, gemaak van Tafelberggraniet. Hiervandaan is die standbeeld later verskuif na sy huidige posisie aan die onderpunt van Adderleystraat.

AANBIEDING

1. Vertel die verhaal van Jan van Riebeeck op 'n elementêre wyse. Moet dit nie voorlees nie.
2. Probeer om 'n film of video oor die onderwerp te bekom by die Nasionale Filmoteek.
3. Beplan die spanwerk so dat die onderwerp op of so na as moontlik aan 6 April behandel word.
4. Met deeglike beplanning kan meer in die verhaal ingebou word en die landing ook met rolspel oorgedra word. Maak dit die moeite werd en voer dit vir die kommando op.
5. 'n Besoek aan die standbeeld en Kasteel sal ook waardevol wees indien dit moontlik is.
6. Laat die kind die drie skepe waarin Van Riebeeck gereis het in die werkboek teken of prente daarvan plak.



2 ONS MOOI LAND

DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die skoonheid van ons land en om hom in te lei tot bewaring.

INHOUD

1. Mooi plekke in ons land (klem op eie gebied)
2. Omgewingsbewaring.

Ons bly in een van die mooiste lande in die wêreld. Suidelike Afrika word dikwels as 'n land met 'n groot natuurverskeidenheid beskryf, maar die inwoners van Suid-Afrika moet ook die land leer ken. Wanneer ons reis moet ons rondkyk en let op die berge, riviere, bome, blomme en diere. Dit is ook lekker om by mooi plekke stil te hou of daar vakansie te hou.

2.1 MOOI PLEKKE IN ONS LAND

In die **Oos-Kaap**: Stormsriviermond, Tsitsikamma Seekus Nasionale Park, Addo Olifant Nasionale Park, Vallei van Verlatenheid.

In **Wes-Kaap**: Bolandse berge, Tafelberg, Kaappunt, Tuinroete, Du Toitskloof pas, Karoo Nasionale Park, Meiringspoort, Knysnabos,.

In **Noord-Kaap**: Augrabiëse waterval, Kimberley en die Groot Gat, Kgalagadi Transgrensark.

In **Kwazulu-Natal**: Drakensberge, Vallei van 'n Duisend Heuwels, Oribi Gorge Natuureservaat, Hluhluwe / Umfolozi Wildtuin, Sodwanabaai Nasionale Park, St Lucia meer, Noordkus, Suidkus.

In die **Vrystaat**: Golden Gate Hoogland Nasionale Park, Willem Pretorius Wildtuin, Gariëpdam, Tussen-die-Riviere Wildplaas.

In **Gauteng**: Suikerbosrand Natuureservaat, Loskopdam Natuureservaat, Jakarandas in Pretoria.

In **Mpumalanga**: Kruger Nasionale Park, Magoebaskloof, Blyderivier canyon en -Poort, Kruiroete.

In **Limpopo**: Kruger Nasionale Park, die Bosveld.

In **Noordwes**: Pilanesberg Nasionale Park, Magaliesberge, Hartbeespoortdam.

In **Namibië**: Namib-Naukluft Nasionale Park, Sossusvlei, Waterberg, Visrivier Canyon Park, Damaraland, Kaokoveld, Etosha Natuur reservaat, Kaudom Wildpark, Caprivi Wildpark, Skedelkus Park, Boesmanland.

Die volgende inkleurboeke is beskikbaar en kan dalk help.

- Voëls van Suid-Afrika.
- Veldblomme van Suid-Afrika.
- Die Nasionale Krugerwildtuin.
- Maak tuin vir voëls.
- Kleur die voëls in.
- Skoenlappers van Suid-Afrika.
- Om 'n veldwagter te wees.
- Ekologie.

AANBIEDING

'n Hele aantal besienswaardighede uit die natuur is genoem.

Kies 'n "mooi" plek wat behandel kan word en die span moontlik kan besoek. Spanlede kan prente of foto's bring van mooi natuurskoon en laat hulle 'n plakkaat of plakboek daarvan maak. Heelwat films en video's asook besondere mooi boeke is beskikbaar om die aanbieding interessant te maak.

Indien 'n besoek beplan word, behandel eers tuis die geskiedenis van die plek, besondere kenmerke, of die ontstaan daarvan en gee dan kort opdragges in plaas daarvan dat hulle inligting tydens die besoek moet inwin.

Die volgende moet met hierdie aanbieding bereik word:

- 1. Die kinders moet bewus gemaak word van die wonder van die natuur.*
- 2. Hulle moet besef dat alles deel van die skepping is.*
- 3. Hulle moet besef dat alles tot niet kan gaan as dit nie bewaar en versorg word nie.*

Probeer minstens een van die gegewe plekke in u provinsie deeglik behandel. Van die ander kan slegs kennis geneem word.

2.2 OMGEWINGSBEWARING

Wat is die omgewing?

Alles rondom jou: die berge, riviere, diere, plante en geboue.

Wat is bewaring?

Om moeite te doen om iets te beskerm wat vir jou waardevol is.

Ons moet ons omgewing bewaar omdat alles wat in die natuur lewe, van mekaar afhanklik is:

1. Die lug moet skoon gehou word.
2. Die water moet skoon gehou word.
3. Gronderosie en gronduitputting moet beveg word.
4. Inheemse plantegroei moet beskerm word.
5. Inheemse diere moet beskerm word.
6. Die duine aan ons kus moet beskerm word.

AANBIEDING

1. 'n Video of skyfies kan gebruik word om die gesprek oor omgewingsbewaring in te lui.

2. Verseker dat die volgende sake aangespreek word:

- *Rommelstrooiing.*
- *Plantbeskadiging.*
- *Veldbrande.*

3. Die volgende kan prakties gedoen word:

- *Plant inheemse bome en struie.*
- *Besoek plekke waar besoedeling plaasgevind het sodat die kind die probleem kan ervaar.*

Dit is nie nodig om die spanlede met baie feite te oorlaai nie. Hulle moet bewus gemaak word van al die aspekte, wat die nadele daarvan is en hoe dit voorkom kan word.

Beklemtoon wat elke spanlid se aandeel in omgewingsbewaring kan wees.